



# HUIS HUGENOOT HUGUENOT HOUSE

*Since 1970*

Blouleiweg, Wellington – Privaatsak X9, Wellington, 7654  
Superintendent: 021-873-1120

## VAKANSIEVERBLYP

### BELANGRIKE REËLS VIR VAKANSIEGASTE EN -GROEPE

#### Koshuis

- Die getal persone per kamer is beperk tot die getal beddens in die kamer.
- Bring 'n slot vir die sluit van u kamer
- Die kamers moet netjies ontruim word om 10:00 op die dag van vertrek.
- Geen dubbelbeddens is beskikbaar nie.
- Bring eie lampe of koplampe in geval van 'n kragonderbreking.
- Die gebou is 'n rookvrye sone – dit sluit alle vertrekke en ingange in.
- Werk versigtig met die DSTV-“remote”, blindings en toiletmeganisme.
- Geen troeteldiere word toegelaat nie.

#### Veiligheid

- Noodnommers is op die kennisgewingbord by alle trappe.
- Vure mag slegs gemaak word in braaidromme.
- Vermoed die stoor van vlambare stowwe of ander gevaarlike optredes soos vuurwerke en klappers.
- Sekuriteit: Sluit deure en “oop” vensters as u die koshuis verlaat.
- Moenie besittings voor “oop vensters” laat nie.
- Gebruik 'n multi-prop (SABS) met afsonderlike skakelaars indien nodig.

#### Meubels/toerusting

- Geen meubels (stoele uitgesluit), matrasse en toerusting mag sonder toestemming uit kamers verwyder word nie.
- Matrasse mag nie uit kamers na sitkamer of elders geneem word nie.
- Geen verwarmers en elektriese komberse word toegelaat nie.
- Pas die eiendom op en rapporteer skade dadelik – moenie self onderhoud doen nie. Rapporteer indien gloeilampe blaas.
- Moenie met voete op meubels sit nie.

#### Wasgeriewe

- Waspoeier vir outomatiese wasmasjiene word benodig.
- Gebruik die wasgoedlyne buite – nie vensterbanke nie.
- Hou yskaste se temperatuur op 3 of 4, en moenie deurrakke oorlaai of rakkies uithaal nie.

#### Swembad

- Sleutel vir swembad is beskikbaar by die persoon aan diens.
- Gebruik van swembad geskied op eie risiko.
- Kinders moet vergesel word met volwassene.

## **Musiek**

- Hou dit sodanig dat dit geen steurnis vir ander veroorsaak nie. Handhaaf 'n rustige atmosfeer na 23:00.
- Meld wangedrag dadelik aan.
- Dis ontoelaatbaar om musiek via die motor te maak tydens braai.

## **Badkamers**

- Maak vensters oop nadat storte gebruik is; dit verhoed klammigheid teen die dak en mure.
- Gebruik water spaarsamig, tot voordeel van almal.
- Laat die badkamers net so netjies soos wat jul dit graag sou wou aantref.

## **Skoonmaak**

- Huise, ook skottelgoed en wasgoed, is u eie verantwoordelikheid (self-sorg). Skoonmaakdienste kan gehuur word – skakel direk met persoon aan diens.
- Toilet papier en opwasmiddel word eenmalig voorsien by aankoms.
- Daar is verder 'n besem/mop, ens. in die badkamers.
- Tref alle redelike maatreëls om blokkasies/obstruksies in pype te voorkom.
- Hou terrein buite netjies. Ruim ook op na afloop van 'n braai.

## **Voertuie**

- Bestuur verantwoordelik ten alle tye. Spoedbeperking op terrein is 25 km/h.
- Geen persone word toegelaat om in 'n motor op die parkeerarea te oornag nie.
- Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of diefstal nie.
- Parkeer op parkeerplekke koshuis/skool – nie in die pad of op grasperke nie.

## **Balspele/Ontspanning**

- Geen balspele/rolskaatse/fietse word in die koshuis toegelaat nie.
- Klappers is ontoelaatbaar op die terrein.

## **Ontspanningslokaal**

- Reëls is by die lokaal aangebring.
- Laerskool-kindere moet vergesel wees van hul ouers/volwassene.

## **Algemeen**

- Geriewe word op eie risiko gebruik. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade, verlore goedere of beserings nie.
- Laat beddegoed in die kamer wanneer u vertrek en sleutel(s) by persoon aan diens.
- Die personeel, of afgevaardigde(s), kan enige voertuig of voorwerp op die perseel of in die koshuis deursoek vir gevaarlike of ongewenste items.
- Laat asseblief die kamer/koshuis agter soos jul dit die eerste dag gekry het.
- Algemene stilte vanaf 22:00 in die aand tot 07:00 in die oggend.

Baie dankie vir u samewerking.

Geniet die verblyf!